BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Datum: ______________________

# BRIEWE VIR DIE KERK

## DEEL 3: SMIRNA – LY GETROU

**Openbaring 2:8(AFR20)** "Skryf ook aan die boodskapper van die gemeente in Smirna: "Dit sê die Eerste en die Laaste, wat dood was, maar lewend geword het,

## Tipes Druk:

**Openbaring 2:9(AFR20)** " 'Ek ken jou verdrukking en jou armoede, maar tog is jy ryk...

1. ________________________________

**Openbaring 2:9(AFR20)** ...Ek weet ook van die lastering deur diegene wat beweer dat hulle Jode is, en dit nie regtig is nie, maar 'n sinagoge van Satan.

2. ________________________________

**Openbaring 2:10(AFR20)** Moenie vir enigiets wat jy nog gaan ly, bang wees nie.

3. ________________________________

**Openbaring 2:10(AFR20)** Kyk, die Duiwel gaan sommige van julle in die tronk laat gooi, sodat julle getoets kan word. Tien dae lank sal julle verdruk word. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal aan jou die oorwinnaarskrans van die lewe gee.

4. ________________________________

**Openbaring 2:11(AFR20)** " 'Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê. Wie oorwin, sal beslis nie deur die tweede dood skade ly nie.' "

**Johannes 16:33(AFR53)** Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.

**Jakobus 5:13-16** As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid. As daar iemand is wat opgeruimd is, moet hy lofliedere sing. 14 As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here. 15 En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak. As hy gesondig het, sal dit hom vergewe word. 16 Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*